higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N750**(A)**(J6)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4

(4010154)

6 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n ANTWOORDBOEK van 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Skryf jou EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER in die spasie wat bo aan elke bladsy van die ANTWOORDBOEK daarvoor voorsien is.

4. Gebruik slegs 'n pen met SWART of BLOU ink.

5. Moet NIE Tip-Ex gebruik nie.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (36 minute)

Die volgende inligting oor twee werknemers van KAPEPULA FISH MARKET word gegee:

VERLANG

Voltooi KAPEPULA FISH MARKET se loonjoernaal vir die week geëindig 30 Julie 2017 aan die hand van die inligting hier onder:

LET WEL:
- Rond AL jou berekeninge af tot die naaste rand.
- Sluit die joernaal af.

INLIGTING

- Die normale werksure is 45 uur per week wat uit 5 dae bestaan. Daar word van Maandag tot Vrydag 9 uur per dag gewerk.

Bazile werk Maandag 9 uur lank, Dinsdag 11 uur lank, Woensdag 12 uur lank, Donderdag 18 uur lank en Vrydag reël hy met sy toesighouer om Donderdag se oortyd vir Vrydag te gebruik aangesien hy sy saam met sy seun na dié se buitemuurse aktiwiteite by die skool moet gaan. (Daar word R46 per uur vir normale tyd en R69 per uur vir oortyd betaal.)

- Timbale werk Maandag 11 uur lank, Dinsdag 13 uur lank, Woensdag 9 uur lank en Donderdag 8 uur lank. Hy bly Vrydag by die huis. (Daar word R26 per uur vir normale tyd en R39 per uur vir oortyd betaal.)

- Aftrekkings:

Werknemers	Afhanklikes	Mediesehulp-fonds	Pensioen-fonds	LBS	WVF
Bazile Timbale	1 2	R450 vir die lid en R225 vir elke afhanklike	8,5% van die normale loon	25% van die bruto loon nadat pensioen in berekening gebring is	1% van die normale loon

- Werkgewersbydrae:

Pensioenfonds – 72,5% van die werknemer se bydrae
WVF – R92,75 vir elke R92,75 wat die werknemer bydra **[42]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2 (34 minute)

Die inligting hier onder verskyn in KAPEPULA FISH MARKET se boeke.

VERLANG

2.1 Doen die aanvullende inskrywings in die kasboek op 31 Julie 2017. Sluit die kasboeke op 31 Julie 2017 af en balanseer dit. (29)

2.2 Berei die bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2017 voor. (10)

INLIGTING

1.1 Die kasboek het op 1 Julie 2017 'n debietsaldo van R89 700.

1.2 'n Vergelyking van die bankstaat met die kasboek op 31 Julie 2017 openbaar die volgende verskille:

1.2.1 Die bankstaat vanaf Alice Bank toon 'n kredietsaldo van R154 000.

1.2.2 Die volgende tjeks is nog nie op 31 Julie 2017 vir betaling aan die bank aangebied nie:

Nr. 40	R23 000
Nr. 41	R67 000
Nr. 47	R82 990

1.2.3 Tjek nr. 42, ter waarde van R86 000, is aan Ocean Fish gestuur as betaling van die rekening wat verouderd was en gekanselleer moes word. 'n Nuwe tjek moet aan Ocean Fish uitgereik word.

1.2.4 'n Tjek ter waarde van R178 485, wat Kapepula Fish Market uit sy lopende rekening gewissel het, verskyn op die onderneming se bankstaat.

1.2.5 Alice Bank debiteer Kapepula Fish Market se lopende rekening met die volgende bedrae:

Kontantdepositofooi	R850
Kredietkaartgelde	R930
Diensgelde	R740
Belastingheffings	R1 830
Rente op debietsaldo	R2 000

1.2.6 'n Kredietinskrywing van R56 600 is ten opsigte van 'n deposito wat Kapepula Fish Market direk in sy rekening gemaak het, maar dit kom op die onderneming se bankstaat voor.

1.2.7 'n Debietorder van R90 300 ten gunste van Eskom word as betaling van die onderneming se maandelikse elektrisiteitsrekening op die bankstaat getoon.

Kopiereg voorbehou

1.2.8 'n Deposito van R90 000, wat op 30 Julie 2017 gemaak is, verskyn nie op die bankstaat nie.

1.2.9 Daar word 'n maandelikse stoporder van R6 000 ten gunste van Shoes City op die bankstaat getoon. Dit is om die eienaar se skoenrekening te betaal.

1.2.10 Baccarat deponeer R90 700 direk in die onderneming se lopende rekening as betaling van sy rekening.

1.2.11 'n Tjek van R42 850, wat van Cagoule, 'n debiteur, ontvang is, word weens onvoldoende fondse deur die bank gedishonoreer.

1.2.12 'n EFO van R72 985 word in die onderneming se lopende rekening gemaak. Daar word openbaar gemaak dat dit die uitbetaling van 'n vaste deposito by Alice Bank was.

1.2.13 Tjek nr. 43 is verkeerdelik as R6 970 in plaas van R7 960 in die kontantbetalingsjoernaal geboekstaaf. Die tjek is aan Vodacom uitgemaak.

[39]

VRAAG 3 (65 minute)

Die volgende transaksies kom in KAPEPULA FISH MARKET se boeke gedurende Julie 2017 voor:

VERLANG

3.1 Sleutel die transaksies in die volgende joernale in:

3.1.1 Kontantontvangstejoernaal (23)

3.1.2 Kontantbetalingsjoernaal (28)

3.1.3 Kleinkasjoernaal (13)

3.2 Sluit slegs die kleinkasjoernaal aan die einde van Julie 2017 af en boek dit na die algemenegrootboekrekening oor. (7)

BYKOMENDE INLIGTING

- Geld word op 2, 5, 9, 12, 14 en 31 Julie 2017 gedeponeer.
- Die eienaar besluit om die voorskotstelsel te gebruik.

TRANSAKSIES

Julie 2017

1 'n Bedrag van R9 300 word aan die hoofkassiere as voorskot gegee. Tjek nr. 600 word uitgereik.

Kopiereg voorbehou

2 Ontvang R2 400 van Fish Fetish as korting – kwitansie nr 200.

3 Betaal water en elektrisiteit, R89 200, aan North Munisipaliteit met tjek nr. 601.

4. Koop koeldrank vir 'n gereelde klant, R850 – kleinkasbewys nr. 011.

5 Ontvang R3 000 van Fish and Chips as kommissie op speserye wat verkoop is – kwitansie nr. 201.

6 Koop 'n Toyota Fortuna by Redeny Motors en betaal R760 000 met tjek nr. 602.

7 Betaal altesame R3 450 vir brandstof per tjek nr. 603.

8 Betaal Canon R650 vir inkpatroon – kleinkasbewys nr. 012.

9 Koop calamari, babastokvis en garnale vir R29 000 by Ocean Fish Market met tjek. nr. 604.

9 Die kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol is R54 290.

10 Koop seëls, R93 – kleinkasbewys nr. 013.

11 Onttrek R1 586 vir kleinkas met tjek nr. 605.

12 Die eienaar, Kapepula, besluit om R125 000 as sy kapitaalbydrae in die onderneming te investeer – kwitansie nr. 202.

14 Die kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol is R245 800.

16 Ontvang handelsware ter waarde van R112 700 van Portico Fish Bpk – tjek nr. 606.

16 Die eienaar, Kapepula, besluit om sy kapitaal met 40% op die beleggingsbedrag te verhoog – kwitansie nr. 203. (Hy het reeds R125 000 in die onderneming belê.)

17 'n Bedrag van R1 000 word aan die hoofkassiere gegee. Tjek nr. 607 word uitgereik.

18 Betaal R728 aan 'n sleutelmaker vir die vervanging van die eienaar se huissleutel – kleinkasbewys nr. 014.

20 Die kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol is R148 150.

21 Betaal R2 800 aan Canon vir inkpatroon met tjek nr. 608.

23 Koop 'n nuwe vragmotor met tjek nr. 609 by Scania Trucks vir die onderneming aan.

24 Wissel tjek nr. 610 vir R42 000 ten gunste van Atlanta Fishery vir tilapia- en tunavis.

25 Ontvang 'n tjek van Slayer, 'n debiteur, om sy rekening van R972 te betaal – kwitansie nr. 204.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

27 Die eienaar, Kapepula, onttrek kontant van R2 100 vir persoonlike gebruik met tjek nr. 611.

28 Die eienaar onttrek R195 om sjokolade vir sy vrou te koop – kleinkasbewys nr. 015.

29 Betaal Macron Bpk vir kerse en vuurhoutjies, R170 – kleinkasbewys nr. 016.

30 Skenk R45 900 aan die Churchill-stigting met tjek nr. 612.

31 'n Direkte deposito van R854 word deur Kristen, 'n debiteur, in die onderneming se lopende rekening inbetaal om haar uitstaande saldo te delg – kwitansie nr. 205.

31 Die kleinkas-kassiere ontvang 'n bedrag van die hoofkassiers om die voorskot te herstel – tjek nr. 613.

[71]

VRAAG 4 (45 minute)

Die proefbalans hier onder verskyn in KAPEPULA FISH MARKET se boeke op 31 Julie 2017.

VERLANG

4.1 Stel KAPEPULA FISH MARKET se inkomstestaat op 31 Julie 2017 op. (23)

4.2 Stel die balansstaat vir die jaar geëindig 31 Julie 2017 op. (Toon slegs die bate-afdeling.) (7)

Kopiereg voorbehou

4.3 Toon AL die aantekeninge by die balansstaat.

KAPEPULA FISH MARKET SE PROEFBALANS OP 31 JULIE 2017

BALANSSTAATAFDELING	DEBITEER	KREDITEER
Kapitaal		1 021 900
Onttrekkings	69 400	
Grond en geboue	232 100	
Toerusting	524 000	
Voertuie	81 760	
Handelsvoorraad (1 Augustus 2016)	64 240	
Debiteurekontrole	56 900	
Bank		67 800
Kleinkas	2 540	
Los kontant	760	
Krediteurekontrole		36 100
Lening: Back Lays Bank (16%)		75 900

NOMINALEREKENINGE-AFDELING		
Verkope		980 000
Aankope	700 000	
Vervoerkoste vir aankope	24 000	
Vervoerkoste vir verkope	28 660	
Huurinkomste		65 000
Lone en salarisse	530 340	
Doeanebelasting	30 000	
Rente-inkomste		63 000
Kommissie ontvang		52 000
Korting toegestaan	2 100	
Lisensies	2 400	
Rente betaal	5 500	
Skoonmaakmateriaal	4 450	
Bankkoste	2 550	
	2 361 700	**2 361 700**

(18)

BYKOMENDE INLIGTING

Die handelsware word ná 'n fisiese voorraadopname op 31 Julie 2017 op R412 730 gewaardeer

[48]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou